

sig

nuusbriëf

Mei 2010



Durbanville
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

Versorg mekaar met liefde

Durbanville Gemeente wil 'n gemeente wees waar mense vir mekaar omgee en mekaar versorg. Dít is 'n gemeente waar mense nie alleenlik optree op versoek van 'n predikant nie, maar waar mense daaglik op verskeie maniere vir mekaar omgee en versorg met Christelike liefde.

“Om dít te bereik het ons in Oktober verlede jaar in samewerking met Cummunitas navorsing gedoen onder 'n steekproef van lidmate om te bepaal wat hulle as versorging sien. Op grond daarvan het ons 'n versorgingsmodel vir ons gemeente saamgestel,” sê Johan Benade, voorsitter van die werkgroep. Soorgelyke modelle word reeds by verskeie ander gemeentes waarby Cummunitas betrokke is toegepas.

Volgens die voorgestelde model is Durbanville 'n gemeente waar versorging hoofsaaklik vanuit die kleingroep-model plaasvind. “Let egter op die woord hoofsaaklik ander versorgingstrukture bly voortbestaan. Ons gaan egter net meer klem lê op deelnemendheid van mense in mekaar se direkte omgewing. Hierdie kleingroepe vervang dus die tradisionele wykstelsel wat nie meer funksioneel is in die gemeente nie.”

Kleingroepe sal dus nou deur die bedieningsareas aangevul word. Dít beteken reeds bestaande aksies soos byvoorbeeld die sokombuisbediening, getuienisbediening, mannebediening en gebedsbediening sal nou as bedieningsareas funksioneer.

Kleingroepe se funksionering sal dieselfde proses volg as binne die groter kerkstruktuur, naamlik:

- Ontmoet God en aanbid Hom
- Raak ingebind in die geloofs familie
- Groei in dissipelskap
- Leef aktief saam in diens van God se nuwe wêreld

“Eredienste vind soos normaalweg plaas en die kleingroepe kan leiding van predikante kry soos benodig. 'n Predikant sal minstens twee maal per jaar 'n kleingroep besoek,” sê Johan.

- Lees op bladsy 4 hoe Aristeia, Meerenbosch, De Rust, Rosehaven en Onze Molen geraak word.



Só word kleingroepe toegerus en ondersteun

Kleingroepe gaan nie onafhanklik van mekaar en van die groter gemeente funksioneer nie, maar wel interafhanklik. Die doel van dié groepe is juis om groter deelnemendheid en interaktiwiteit tussen mekaar en die gemeente as geheel te vestig.

Die gemeentestrukture is aangepas om die nuwe kleingroepbediening te ondersteun en te fasiliteer.

Só gaan dit werk:

Die voorsitter van die kleingroepbediening, Willem van Schalkwyk, een predikant, ds. Tinus van Zyl, en drie tot vyf ander gemeentelede vorm saam die kleingroep-bedieningsgroep.

Hulle vergader kwartaalliks om kleingroepe se behoeftes te bespreek en toerustingseleenthede te ontwikkel om aan die kleingroepleiers te bied. Kleingroepe sal slegs die inhoud van die 40-dae bediening as formele inhoud van die kerkkantoor ontvang die res van die jaar het die kleingroepe die vryheid om hul eie inhoud te bepaal of hulle kan hul behoeftes aan die bedieningspan deurgee.

Die voorsitter van die kleingroepbediening sal die volgende doen:

- vestig saam met die predikant die span wat die kleingroepbediening lei;
- omskryf die opleiding- en opleidingsbehoefte duidelik;
- bevorder die groei in kleingroepe wat die lewensgemeenskap bepaal, soos in Die Bybel omskryf word;
- vestig 'n kultuur van kleingroepe waar kleingroepleiers gemeentelede help om die gemeenteroeping en bedieningsdoelstellings werklik uit te leef;
- deurlopende kommunikasie in die gemeente oor die werksaamhede van die kleingroepe;
- vestig kommunikasiekanale oor pastorale behoeftes wat slegs deur predikante en ander kundiges aangespreek kan word na 'n sentrale punt in die gemeente;
- gee kwartaallikse terugvoer aan die kerkraad oor die status van kleingroepe, en
- organiseer kwartaallikse verwelkomingsgeleenthede vir nuwe intrekkers om hulle aan die kleingroepmodel voor te stel en hulle in 'n kleingroep te vestig.

Die predikant se taak is:

- gee mentorskap en leiding aan kleingroepleiers en koördineerders;
- rus kleingroepleiers toe, en
- ontwikkel en verskaf inhoud vir bespreking tydens kleingroepbyeenkomste.

Die kleingroepe word verdeel tussen al die predikante en dié predikant het gereeld skakeling met sy kleingroepleiers om ondersteuning te bied en behoeftes te bepaal. Die predikant besoek twee maal per jaar sy kleingroepe, maar daar vind ook rotasie plaas sodat elke kleingroep die geleentheid het om met elke predikant te skakel.

Buiten hierdie direkte en sigbare ondersteuning, is daar ook 'n wesenlike administratiewe ondersteuningsnetwerk binne die kerkkantoor gevestig om onder meer 'n databasis by te hou van die verskillende kleingroepe, groepleiers, elke groep se fokus en kontakbesonderhede. Die kerkkantoor sal ook die kommunikasie na die kleingroepe fasiliteer.

Dit is 'n kleingroep

Kleingroepe bestaan uit 'n getal mense (5-10) wat gereeld (tweeweekliks of maandeliks) byeenkom onder leiding van 'n kleingroepleier om God te aanbid.

Vanuit daardie groep vind pastorale versorging van kleingroeplede plaas en ook die geestlike vorming en die aankweek van Bybelse lewenswaardes.

Die doel van hierdie kleingroepe is om gemeentelede toe te rus om saam as dissipels in diens van God se nuwe wêreld te gaan leef en werk. Die benadering is dat die mense naby aan jou en in jou direkte omgewing jou beter verstaan en beter saam met jou kan aanbid.



Wat is versorging?

God het ons lief en versorg ons. Hy doen dit deur ons in te nooi in 'n egte verhouding met Hom en met mekaar. Ons moet God se liefde en versorging raaksien en ontvang met dankbaarheid in ons daaglikse lewe, bv. vriende wat vir ons omgee, vreemdelinge wat ons pad kruis.

Versorging behels onder meer die volgende:

- om te bid vir mekaar;
- om mekaar te vergewe;
- om geduldig te wees met mekaar;
- om mekaar lief te hê, en
- om mekaar te leer en te onderrig.

Die lede van die liggaam van Christus dra gelyke sorg vir mekaar en só bou die liggaam homself op en stel hom in staat om die wêreld lief te hê.

Lees Kol 3:12 17.

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl


Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Geheelbeeld van die versorgingstruktuur

Kleingroepe is onlosmaaklik deel van die nuwe versorgingstruktuur wat nou binne Durbanville Gemeente toegepas word.

Só werk die onderskeie groepe en aksies binne die gemeente saam om te lewe in diens van God se nuwe wêreld:



Vir elkeen van hierdie teologiese bewegings, is daar die volgende rolle en verantwoordelike binne die gemeente geïdentifiseer:

TEOLOGIESE BEWEGING 1

Ontmoet God persoonlik en aanbid Hom

	Eredienste	Tinus van Zyl
	Jeugbediening	Tinus van Zyl
	Musiekbediening	Tinus van Zyl
	Gebedsbediening	Gys van Schoor
	Kerklike Feeste	Gys van Schoor

TEOLOGIESE BEWEGING 2

Raak ingebind in die geloofsfamilie

	Kleingroepe	Andre van Wyk (Koordinerer)
	Seniorbediening	Rian Verster
	Pastorale sorg	Rian Verster
	Onderlinge sorg	Rian Verster
	Avontuurbediening	Christi Thirion
	Mannebediening	Gys van Schoor
	Vrouebediening	Gys van Schoor
	Predikantebediening	
	Besigheidsbediening	Tinus le Roux
	Kommunikasie	Tinus van Zyl
	Gemeentefeeste	Jackie Pretorius

TEOLOGIESE BEWEGING 3

Groei in Dissipelskap

	Teologiese lidmaatskoling	Tinus van Zyl
	Geloofsvorming	Gys van Schoor
	Rentmeesterskap	Andre van Wyk, Gys van Schoor

TEOLOGIESE BEWEGING 4

Leef aktief in God se koninkryk

	Bedieninge	Andre van Wyk
<i>Ondersteuningsdienste</i>	Gemeente-administrasie	Jackie Pretorius
	Ondersteunings-dienste	Jackie Pretorius



Aftree-oorde word anders benader

Aristea, Meerenbosch, De Rust, Rosehaven en Onze Molen se bediening gaan grootliks op dieselfde manier voort as in die verlede. Dus hoef lidmate wat in hierdie eenhede of komplekse woon, nie noodwendig deel te vorm van kleingroepe nie.

“Ons besef dat die versorging van ouer persone in aftreeoorde ietwat anders sal geskied as vir die res van die gemeente. Bidure, nagmaaldienste, siekbesoek en ander pastorale werk sal steeds voortgaan soos nou,” sê ds. Rian Verster. “Alhoewel die pastorale hulppos wat ds. Freek Serfontein tot nou toe nog beklee het as gevolg van die gemeente se finansiële posisie nie hernu gaan word nie, gaan ek en ds. André van Wyk die bediening van die aftreeoorde hanteer.

“Ons wil ook graag 'n Seniorbedieningsgroep' op die been bring wat ons kan help om verder ons gemeente se bediening aan en deur seniors uit te brei en te verbeter,” sê ds. Verster.



Hier is 'n paar moontlike vrae met antwoorde wat gemeentedelede mag hê. Vir meer inligting skakel die kerkkantoor by (021) 975-6370 of stuur e-pos na die bestuurder van die kerkkantoor, Jackie Pretorius, by jackie@durbanvillegemeente.co.za.

V: Wat as ek nie deel is of wil wees van 'n kleingroep nie? Word ek dan nog gesien as 'n gemeentelid?

A: Sonder enige twyfel word jy nog steeds gesien as 'n gemeentelid. Ons verstaan dat nie almal deel is of wil wees van 'n kleingroep nie. Al wat ons sal vra is dat jy ons sal laat weet hoe jy enige kommunikasie van ons af sal wil ontvang. Die opsies is per e-pos, per gewone pos of sal dit self afgehaal word by die Kerkkantoor. Daar is selfs 'n opsie om van die meer eenvoudige kommunikasie per SMS te stuur.

V: Kan ek by enige kleingroep inskakel?

A: Absoluut so. Sou jy nie weet watter kleingroepe daar is nie, is jy ook welkom om met die Kerkkantoor te skakel wat jou verder sal kan inlig.

V: Hoe weet ek watter kleingroepe bestaan?

A: Skakel gerus die Kerkkantoor; hulle sal kan help.

V: Wie besluit of daar in ons area (straat / omgewing) 'n kleingroep gevestig word?

A: Ons laat die besluit by u. U, tesame met enige ander belangstellendes, kan self besluit om 'n kleingroep te vestig. Onthou egter wat ons doel is met kleingroepe, naamlik:

- Ontmoet God en aanbid Hom
- Raak ingebind in die geloofs familie
- Groei in dissipelskap
- Leef aktief saam in diens van God se nuwe wêreld

Al wat ons van u sal vra is dat u die Kerkkantoor verwittig van u groep, sodat ons 'n punt daarvan kan maak om u ook te ondersteun in die proses.

V: Wat gebeur met die herderleiers?

A: Ons voorsien dan die huidige herderleiers so ver as moontlike hul rol as kleingroepleiers sal vervul. Ons sal dit egter met die herderleiers bespreek en hul insette kry.

V: Wie gaan nou namens die gemeente met my kommunikeer en SIG en ander kennisgewings aflewer?

A: Alle kommunikasie soos byvoorbeeld die SIG sal by die eredienste beskikbaar wees. Op versoek kan ons dit self elektronies aan lidmate stuur of per pos laat aflewer. U is natuurlik nog steeds meer as welkom om met die kerkkantoor te skakel sou u graag met een van ons predikante wil ontmoet.